
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - Website address: www.stangerchristiancentre.co.za

VRYHEID VIR DIE WAT GEBROKE IS

Ons lees in Lukas 4:18 en 19 die woorde van Jesus toe Hy in die sinagoge opgestaan het en Sy doel aan die mensdom verklaar: **Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die Evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbrysel van hart is te genees; om aan gevangenis vrylating te verkondig en aan blindes herstel van gesig; om die wat gebroke is in vryheid weg te stuur .....**

Dieselfde waarheid kom na vore in Hand. 10:38 ..... **met betrekking tot Jesus van Nasaret. Hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deur gegaan, goed gedoen en <u>almal</u> genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was.**

Satan is die dief en vernietiger en sy doel is om elke persoon wat in hierdie wêreld gebore word te verbrysel, en te bind (gevange te hou).

Joh. 10:10: "Die dief (Satan) kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek (Jesus) het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê."

Jesus Christus wat dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, het gekom om die vyand se werk te vernietig. Onskuldige kinders is dikwels die prooi van die vyand, en hulle dra hierdie wonde van verbryseling vir die res van hulle lewens en is nooit vry om die persoon te wees wat die Here bedoel het hulle moes wees nie. Vrees, onsekerheid, bitterheid en verwerping is bewyse van Satan se werk. En hierdie verdrukking van die vyand bly daar totdat dit ontbloot is en Jesus hulle aanraak.

In ons tyd is dit dikwels die Here se Kinders, die Liggaam van Christus, wat ly as gevolg van hierdie wonde en kneusplekke van Satan. Kneusplekke veroorsaak skeiding tussen lede van een gesin, en tussen lede van Jesus se Liggaam want vrees en wantroue bring skeiding en die vyand voer heerskappy. (Lees "Krag Van Vergifnis")

DIE KNEUSPLEKKE VAN SATAN

Satan se doel is om te kneus. Dit was so voorspel van die begin af.

Die Here praat in Gen. 3:15 en sê **"...Ek sal vyandskap stel tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt."** (Hierdie Woord **byt,** is vertaal in die Engelse KJV Bybel as 'Kneus')

Jesus was op die kruis verbrysel en die Here se Woord was bevestig. **Jes. 53:5 "... terwille van ons ongeregtighede is Hy verbrysel." Jes. 53:10 "...dit het die Here behaag om Hom te verbrysel."**

Jesus het ook op ander maniere gely, 'n intieme vriend het Hom verraai, Hy was verag (Jes. 53), beskuldig (Matt. 12:24), gehaat en verlaat.

Jes. 53:5 "..... die straf wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, en deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Ons moet onthou, Jesus het vir ons ontwil gely.

SATAN VERMINK DEUR KNEUSING

Onskuldige kinders is van Satan se uitgesoekte doelwitte. Vrees val jou kinders aan, en verwerping kry 'n vastrapplek in 'n jong gemoed en so 'n kind word 'n volwassene wat dit onmoontlik vind om lief te hê of liefde te ontvang. 'n Kind wat misbruik en mishandel was, sal vol vrees en teruggetrokke wees of anders vol rebelsgesindheid. Die Here se kinders is van Satan se uitgesoekte doelwitte. Nuwe Geesvervulde gelowiges is voorwerpe van aanvalle van suspisie en verwerping en diens aan die Here word beskadig deur leuens en onderverdeling. Satan gebruik misverstande, valse beskuldigings, verwerping en vrees om te knak en te vermink.

KNEUSPLEKKE BIND

Kneusplekke bind ons aan die een wat ons seergemaak het, bind ons aan bitterheid en aan liefdeloosheid: om te ontvang en te gee, en Satan se set knoop ons behoorlik vas. Maar Halleluja! **Jesus het gekom om hulle wat gekneus was, te verlos. Hy maak hulle vry wie se gemoed gebonde is, wie se gees gebonde is en Hy genees die indiwidu se liggaam sowel as Sy Liggaam, die Kerk, hier op aarde. Om onvoorwaardelik te vergewe is die antwoord!!**

BITTERHEID

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - Vryheid vir die wat…)

Baie Kinders van die Here is soos 'n appel wat laat val word en gekneus word – daar is geen uiterlike teken van skade vir 'n paar dae nie. Maar dan kom 'n donkerkol te voorskyn wat verrotting bring en bederf. Net so werk bitterheid in 'n mens se lewe.

Heb. 12:15: "Pas op dat niemand in die genade van God veragter nie, dat geen wortel van bitterheid opskiet en onrus verwek en baie hierdeur besoedel word nie."

Bitterheid werk soos gif in die siel en spruit voort uit seerplekke wat opgedoen word in menslike verhoudings. Die algemeenste gebiede is die kind-ouers en die man-vrou verhoudings en ons weet dat die diepste seer kom voort vanaf die een wat die naaste aan jou is. En **bitterheid besoedel jou hele gestel**: dit kom voor in jou praat, jou gewete, jou gesindhede, jou optrede en takel jou fisiese gesondheid af. Jou bitterheid besoedel ook andere. Bitterheid bou mure van afsondering uit vrees dat jy verder sal seerkry, uit wantroue, uit vrees dat jou kneusplekke blootgelê gaan word en uit eensaamheid. Dit sny mense uit die samelewing uit en maak hulle baie krities teenoor andere en regeer jou lewe.

Verbreekte verhoudings veroorsaak dikwels blindekolle wat verhoed dat ons verstandig optree, ons self sien soos ons is en ook nie ander sien soos hulle is nie. Ongevoeligheid spruit voort en ons lewens word selfgesentreerd en min agting vir ander mense se behoeftes word getoon. Onsvolwassenheid is ook 'n uitvloeisel van wanverhoudings want alhoewel 'n persoon fisies groot word, eindig sy emosionele ontwikkeling deur waar hy die kneusplek opdoen. So hervat ontwikkeling as genesing en verlossing plaasvind. Onvergewensgesindheid is die wortel van bitterheid, en blaam gaan oor in haat. Misleiding word algehele verderf. Ons kan daarom aflei dat bitterheid eintlik die saadbedding vorm van elke bose werk. Dit sal enige Kind van die Here vernietig. Die teenmiddel hiervoor is om gedurig 'n gees van vergifnis te hê. As satan wil kneus en verbrysel, moet dit nie ontvang nie, maar vrywaar jouself onmiddellik hierteen deur te vergewe. Kies om nie in onvergewensgesindheid te wandel nie, want hierdie gesindheid laat vir satan 'n wettige deur oop in jou lewe wat hy aangryp en binnekom met verdrukking en treitering. Satan het nie respek vir 'n Christen wat met onvergewensgesindheid rondloop nie, bitterheid volg weer met sy aaklige vrugte.

Lukas 6:37: "Spreek vry, en julle sal vrygespreek word. "Lees net hoe pragtig word hierdie teks toegelig in die Engelse Amplified Bybel: **".. acquit and forgive and release give up resentment, let it drop, and you will be acquited and forgiven and realeased."**

Vergifnis is dus die sleutel tot die vrymaking van bitterheid.

Matt. 18:27: "… en hom losgelaat en hom die skuld kwytgeskeld."

Vergifnis is die enigste oplossing. Dit is Jesus se antwoord. As jy seerplekke, bitterheid en onvergewensgesindheid met jou saamdra is jy gebonde aan die verlede, jy is onbevoeg om in die teenwoordige tyd te lewe, en hierdie bitterheid vloei deur na jou huidige verhoudings. Hierdie seerplekke bind jou aan persone in jou verlede, en die verbygaande tyd verander of genees nie onvergewensgesindheid nie. Marteling en pyniging is die uitvloeisel van seerplekke en onvergewensgesindheid.

Lees Matt. 18:21-35. Ons vergifnis stel weer die Here se vergifnis aan ons vry.

Matt. 6:14-15: "Want as julle die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle Hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie."

Lees ook Markus 11:23 tot Ef. 26, Ef. 4:32

Vergifnis en verlossing gaan hand aan hand (Ef. 1:7)

Sien hoe Jesus Sy moordenaars vergewe het aan die kruis.

Vergifnis stel **Jesus se genesing vry** in jou. Vergifnis is dus 'n definitiewe keuse van die wil: **jy <u>kies</u> om te vergewe**. Moenie vir gevoelens soek nie, dit kom later. Sodra jy iemand vergewe, begin die Here om jou kneusplekke te genees.

<u>'n PRAKTIESE OEFENING</u>

1 Maak 'n lysie van wanverhoudings in jou huidige lewe en van die verlede.

Ontleed hulle en soek die rede vir die swak punte.

Vergewe elke keer die persone in hierdie verhoudings, ongeag wie die skuldige is.

Bid vir hulle en vra die Here om hulle te seën. In sekere gevalle sal die Here van jou verwag om die persone op te soek en vra hulle om vergifnis van jou swak gesindheid teenoor hulle.

Filip. 4:7 "En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, bewaak my hart en vertand in Christus Jesus."

<u>DIE KNEUSPLEK VAN VERWERPING</u>

Die mens se basiese behoeftes is liefde en kommunikasie. Wanneer blootgestel aan verwerping, word die persoon liefde, sekuriteit, aanvaarding, identiteit en erkenning ontsê. Dan kan hy nie meer liefde gee of ontvang nie. Die gevolge is verminking van aftakeling van die mens as 'n geheel.

Jes. 53:1-3 "Wie het geglo wat aan ons verkondig is? En aan wie is die arm van die Here geopenbaar? Hy tog het soos 'n loot voor sy aangesig opgespruit en soos 'n wortel uit droë grond. Hy het geen gestalte of heerlikheid gehad, dat ons Hom so aansien nie, en geen voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie. Hy was verag en deur die mense verlaat 'n man van smarte en bekend met krankhede; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie. Dit was wat Jesus deurgegaan het.

<u>WORTEL VAN VERWERPING</u>

Soos voorheen genoem is die ouer-kind verhouding een waaruit baie ernstige verwerping voortspruit. Voor geboorte; aangenome kinders of ouers wat nie kon liefde oordra nie. Hierdie ouers het miskien een van die volgende probleme: hulle ly self as gevolg van verwerping, alkoholisme, geld en materiële dinge gee inplaas van liefde, te besig met besigheid of sosiale verpligtinge; krities en verwag altyd perfeksie.

Hieruit spruit dan voort dat (1) 'n kind wat nie die nodige liefde van sy vader ontvang het nie, sal dit moeilik vind om 'n bestendige verhouding met die Here te handhaaf; (2) 'n kind wat opgroei met verwerping sal eerder

(Vervolg op Bl. 8)

Bible instruction has two purposes, the first is TO DIRECT AND INSTRUCT and the second is to BRING TRUTH AND LIFE, and these principals in the Word of the Lord also apply to your marriage. The Word tells us concerning our marriage: **Nevertheless let every one of you in particular so love his wife** (female) **even as himself** (male)**; and the wife see that she reverence her husband. (Eph. 5:33)**

1. **To give DIRECTION and INSTRUCTION:** The Bible is the blue-print for every person to follow not only to gain Eternal Life, but also to live peacefully and victoriously in this life. There is not one area of our lives about which the Lord does not give specific directions, and that includes marriage. Every believer should study His Word to find out how he/she should act before and during marriage. The reason for our high divorce rate is because the majority of marriages are conducted according to the world's standards. Find out how the Lord wants you to live either as a single or married person and woman make a thorough study of the Lord's plan for marriage.

If you are already married and things are going wrong, it is time for you to study the Bible once again and ascertain if you and your wife/husband are still conducting your marriage according to His Word or if the standards of the world have become the norms of your relationship. The solution does not lie in exchanging your marriage partner for a new one (we've seen people go through two, three and four marriage partners and still remain unfulfilled). The answer is to work at your marriage without compromise. We have on the other hand seen many marriages which seemed to have NO FUTURE WHATSOEVER, be restored to where the husband and wife have testified that they are more in love and happier now than they'd ever been on honeymoon, when they did it the Lord's way. (Read our books A Successful Marriage and A Future For "Gays"?

WHAT HAPPENS WHEN THE WIFE INITIATES A DIVORCE?

marriage is a covenant not a contract!



His results are guaranteed. He is the author of marriage after all. Some marriage counsellors give very sound advice, but if their advice does not line up with His Word, it will not work. No man or woman can find true happiness in divorce, as it is AGAINST HIS WILL. Often people who take the wrong advice argue as follows:

"But the Bible does say that Moses gave letters of divorce to the Israelites under certain conditions, and therefore divorce is sometimes justifiable, depending on the circumstances."

Let us read how Jesus answered this question in Matt 19:3-8:

The Pharisees also came unto Him, tempting Him, and saying unto Him. Is it lawful for a man to put away his wife for every cause?

And He answered and said unto them. Have ye not read that He which made them at the beginning, made them MALE and FEMALE, and said, For this cause shall a man leave his father and mother, and shall cleave to his wife; and they twain shall be one flesh?

Therefore they are no more twain, but one flesh. What therefore God hath joined together, let no man put asunder. Not even if that man is your counsellor, minister, or best friend.

They say unto Him, why did Moses then command to give a writing of divorcement, and to put her away?

Jesus is saying in verse 8: Moses allowed you to divorce your wives BECAUSE OF THE HARDNESS OF YOUR HEARTS, BUT FROM THE BEGINNING IT WAS NOT SO.

From the beginning the Lord joined man and woman together so that no man would separate them. From the beginning divorce was not His will.

It is essential that a believing young man or young

1. She gets out from under the Lord's chosen protection and exposes herself to unnecessary temptation.

Part of the meaning of submission is "to get under the protection of. " When wives are told by the Lord to "submit to their own husbands" (Ephesians 5:22; I Peter 3:1),He is basically saying, "Wives, get under the protection of your husbands."

No matter how inadequate a husband may be, he is the Lord's ordained means of protection and thus a safer "umbrella of protection" than a wife will have when she gets out from under his authority.

Some of the problems Satan might bring into her life include: worry, envy, jealousy, fears, bitterness, wrong decisions, stubbornness, insecurity, selfishness, guilt and anxiety.

2. She releases her husband from the pressure of the Lord.

A husband's conscience is greatly relieved when he can tell other people that his wife didn't understand him and decided to divorce him. Note the pressure that the Lord places on any husband who puts away his wife, especially when she has a submissive attitude. (Malachi 2:13-15)

3. She establishes a divorce pattern for her children.

Rather than demonstrating to her children that marriage is a relationship "till death do us part," she is saying in effect, "If marriage doesn't turn out the way you want it to be, you can always end it."

4. She frees her husband to damage another woman's life.

A divorced man can easily convince another woman that if his former wife had had *her* qualities the marriage never would have broken up. But the basic character de-

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - Answers to the most frequently asked questions…)
ficiencies the Lord was trying to reveal and correct in him by his first wife's reaction will only be repeated in his new marriage.

5. She allows the enemies of the Lord to revile Him and justify themselves.

Throughout the country divorce is becoming something that is readily accepted. When people hear of various couples getting divorces, it only assures them that divorce is an acceptable way of dealing with problems. When Christians get divorced, it removes guilt from others who are contemplating it.

6. She reveals a dominant will in herself.

7. She instils rebellion to authority in her children.

In order to justify her divorce, she must reject the divine position of her husband and focus attention on his human personality. Her children are then taught to do the same to her and others in authority.

8. She establishes a temporal value system.

By divorcing her husband, she is saying that a relationship which lasts only for a time is more important than developing character qualities which last for eternity. The very pressures of the marriage were the Lord's means to develop these character qualities in her, her husband, her children and others in her world. In light of this a wife must view her marriage as only a dress rehearsal for the real marriage in heaven.

Bitterness or anxiety over the financial settlement will further demonstrate a temporal value system to children.

9. She confirms that her basic motives were getting, not giving.

The essence of love is giving to the basic needs of others without motives of personal gain. A divorce reveals that her focus was on expectations that he did not fulfil, rather than on giving to his needs.

10. She denies her children the heritage of observing a Godly response to suffering in trials.

When a mother suffers for doing right, she develops and demonstrates Godly qualities. These not only have the power to win her husband, (1 Peter 3: 1-6) but also teach her children to respond to suffering. (1 Peter 2: 18-24) More is instilled in a child by example than is learned by instruction.

11. She forces her children to take sides.

One of the basic purposes of a family is to build loyalty. When a father and mother have conflicts with each other, the children are divided in loyalty and prompted to take up offences against one or both parents.

12. She risks having her children resent her for removing their father.

Because children need a father and because they see things more objectively as they grow up, they will tend to forget or minimise their father's failure and blame their mother for taking away their father from them.

13. She creates an atmosphere of deep loneliness for herself or her children which tend to result in a new marriage and a new series of problems.

A divorced woman's need for protection, security, companionship and authority for the children are strong factors prompting her to rationalise a remarriage.

The second purpose of the Lord's Word in your marriage is:

2. **<u>To bring TRUTH and LIFE</u>**: The Word of the Lord GIVES life and CHANGES lives. Is 55:11 tells us: **So shall My Word be that goeth forth out of My mouth it shall not return unto Me void, but it shall accomplish that which I please, and it shall prosper in the thing where to I sent it.**

Jer. 1:12 ..... **for I will hasten My Word to perform it.**

These Scriptures make us realise that there is supernatural power in God's Word, but when does it operate? When it is BELIEVED and CONFESSED (spoken) in faith by a child of God. Without FAITH God's words can be repeated hundreds of times, but they will remain powerless. Prov. 18:21 says, **Life and death are in the power of the tongue.** Mark 11:23 tells us, **For assuredly, I say to you, whoever says to this mountain, Be removed and be cast into the sea, and does not doubt in his heart, but believes that those things he says will come to pass, he will have whatever he says.**

When you speak ABOUT your spouse, or TO your spouse, do you speak words which produce LIFE?

Instead of criticising, belittling, nagging or breaking down with your words, start speaking THE WORD OF GOD into the situation and circumstance, and you can expect your husband or wife's attitude and actions to change.

Let us look at this in the practical.

2 Pet 3:9: **The Lord is not slack concerning his promise as some men count slackness; but is long-suffering to us-ward, not willing that any should perish, but that all should come to repentance.**

Eph 4:32 **And be ye kind one to another, tenderhearted, forgiving one another even as God for Christ's sake hath forgiven you.**

Gal 5:22 & 23: **But the fruit of the Spirit is love, joy, peace, long-suffering, gentleness, goodness, faith, meekness, temperance.....**

You may have always referred to your husband (or wife) as follows: "My husband is unsaved and stubborn. He is impatient with me and with the children and sulks for weeks if we offend him in anyway. He is restless and unloving and when he is around we are all nervous. He has even been unfaithful to me."

The three promises quoted tell a different story however, and your task now is to begin PRAYING, PROCLAIMING and BELIEVING THE WORD about your husband or wife, by FAITH.

"I believe that my husband is going to be saved, because that is the Lord's will for him. He is going to become loving and kind. I expect to see love, joy, peace, long-suffering, meekness and self-control in him and I believe that he will never be unfaithful again." If there is expectancy and faith in your heart for the Lord's Words to produce life and change, He will honour your faith, and you will see results in time as you pray these promises back to Him.

BELIEVE them and persevere, even though the actual circumstances don't seem to change immediately. The Lord will honour your faith! It's the spoken Word that will change him, because you have chosen to believe Him.

Love is not a feeling, but an act of our will. A choice!

Sometimes it takes a LONG time to see how the Promises of the Lord manifest in the life of your beloved, however, ***God is not a man that He should lie. Has He said, and will He not do it? Or has He spoken, and will***

(Continued on page 6)



Ons God van wonderwerke

Een van ons baie getuienisse van uit die gevangenisse

...in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom. (Matt. 25:36)

Liewe Dr James en Meg van Zyl,

Groete in die magtige naam van ons Verlosser Jesus Christus.

Eerstens wil ek graag vir u hierdie vraag vra. Bid u vir die boeke voordat u dit onder ons versprei? As die antwoord ja is, wil ek hê dat u vandag moet weet dat die Here Jesus wat u dien so werklik is Hy leef en doen wonderwerke. Ek was besig om een van u boeke hier in die gevangenis te bestudeer en te lees, toe ek skielik hierdie vreugde voel wat ek nog nooit gevoel het nie. Mense was verbaas oor wat met my aangegaan het, dit was asof ek dronk was, en ek het begin om baie aktief in die Woord van God te raak, die wellustige dinge wat ek gedoen het, het verdwyn en ek versprei nou die Woord van God. God doen wonders in my lewe, ek is baie gelukkig en bedank u innig vir u boeke. Ek kan hulle regtig nie neersit nie, wanneer ek Bybelstudie doen het ek een van u boeke by my en ek wil nie met enig iemand anders praat nie, veral as ek 7nm. op my bed is. Die 12de Februarie het ek u pakkie ontvang. Dr. James u doen werklik 'n groot werk en ek wil u vertel dat God alles raaksien wat u doen, veral vir die armes. Ek bid elke dag dat u en u bediening so sal groei dat elke deeltjie van die aarde die waarheid mag ken en gered word.

Ek wil graag my getuienis vertel omdat ek dit nog nie gedoen het nie, sodat u my beter kan ken.

My naam is Radzilani Godfrey Takalani (Lucky). Ek is op 1 Januarie 1979 gebore, my moeder (biologiese moeder) het geboorte aan my geskenk en my in 'n plastieksak gesit en het my naby die rivier geneem en my daar neergesit toe ek net een dag oud was. Mense wat verby gestap het werk toe het my gekry (op die 1ste Januarie 1979), hulle het my na die polisiestasie geneem, die tragedie het in Orlando Oos in 1979 plaasgevind. Ek weet nie eers waar die plek is nie, toe is ek na Orlando kinderhuis geneem waar ek tot op 8 maande gebly het. 'n Ander egpaar van Venda, Limpopo het my aangeneem, hulle het my na Venda geneem waar hulle my in liefde opgevoed het tot 1989. Hulle is geskei deur onkunde en hulle het besluit om dit te doen sonder om aan my te dink.

Eendag het ek na my skoolpapiere gesoek, ek was toe 17 jaar oud en kry toe 'n ander brief, wat 'n aansoek vir 'n geboortesertifikaat was. Daarin was die name van my aangenome vader en moeder, en sê dat die kind in 1980 aangeneem is by die kinderhof van Dzanani. Ek het Engels nie goed verstaan nie en het besluit om die brief skool toe te neem sodat ek my Engelse onderwyser kon vra om te verduidelik wat aangeneem beteken. Sy was baie verbaas, maar het my vertel dat dit beteken dat my moeder en vader wie ek as my ouers geken het in werklikheid nie my vlees en bloed was nie.

Soos ek opgegroei het, het ek besef dat ek die waarheid moet weet van wie ek is en hoe ek in hulle sorg beland het. My moeder het my vertel wat ek reeds aan u in my brief verduidelik het. Die probleem het begin toe my (aangenome) moeder gesterf het, onthou ek het alleen by haar gewoon want sy en my vader het in 1989 geskei. Toe my moeder gesterf het, het ek haar familie probeer skakel wie net soos sy nie Venda taal gepraat het nie, sy was Tsonga taal. Toe hulle gekom het, het ek hulle vertel dat dit haar begeerte was om in Mapumalanga begrawe te word waar haar vader en moeder begrawe is. Toe het hulle vir my gesê dat hulle alles wat aan my moeder behoort het wou hê. Hulle het al die meubels gevat, alles insluitend die stoele en vir my gesê dat hulle my glad nie ken nie, dat ek in werklikheid gekoop is en hulle het niks met my te doen nie. Ek het vir hulle gevra waarheen ek moes gaan aangesien hulle my verwerp het en hulle het gesê dat ek na my (aangenome) vader moes gaan.

Hulle het selfs my moeder se bankboekie gevat. Dit was in 2004 toe my moeder gesterf het. Ek het na die polisiestasie gegaan om die saak aan te gee. Hulle is aangesê om alles terug te bring, maar hulle het slegs die bankboekie terug gebring. Toe ek na my vader gegaan het, het hy vir my gesê dat dit nie sy idee was om my aan te neem nie, hy wou dit nie doen nie maar dit was my moeder se wens. Hy het toe gesê dat hy niks met my te doen wou hê nie en dat ek nie terug moes kom nie omdat sy vrou my nie in haar huis wou hê nie. Hy het gesê dat hy na my plek toe sou kom waar ek gebly het, maar hy het nooit gekom nie. Ek was alleen en my moeder se familie het gekom en haar sonder my begrawe. Ek weet selfs nie waar haar graf is nie. Hulle het vir my gesê dat ek nie na hulle plek moes kom nie, en as ek kom sal hulle my dood maak. Ek het nooit weer daarheen gegaan nie en dit maak my seer om nie te weet wie ek is nie. Dit maak my werklik seer maar ek weet dat daar net een persoon is wat weet wat in my lewe aangaan en dit is die Here Christus. Hy ken selfs die plek van my biologiese moeder.

Die rede waarom ek in die tronk beland het was omdat mense my uitgelok het, en vir my vertel het dat ek vir R35.00 gekoop is. Sommige het gesê dat ek uit die toilet was, ander dat ek in 'n vullisdrom gevind is. Ek het geen skoene en geen kos gehad nie. Dit was regtig moeilik vir my om die soort lewe te lei. Ek het gewerk,

(Vervolg op Bl. 6)

(Continued from Page 2 - Answers to the most frequently asked questions…)

He not make it good. **Numbers 23:19** In fact, HE MAKES HIS WORD COME TRUE (Jer. 1:12), therefore you can trust Him wholeheartedly to perform His Word, in YOUR circumstances, no matter how bad and irreversible they may seem. Two Bible characters, whose lives demonstrated the principle of patient WAITING for the manifesting of the Lord's Promises, were those of Abraham and Caleb. Abraham had to wait 25 years for Isaac to be born. Isaac was the son of the promise which He had made to Abraham a quarter of a century before Isaac's birth.

Caleb, Joshua's co-spy, had to wait 40 years before he could possess the mountain in Hebron which Moses promised him according to the Lord's instructions. I am writing these examples not to DISCOURAGE you, but to ENCOURAGE you! Regardless of how many days, weeks, months, or years may pass, HOLD ON TO HIS PROMISES!

The book of Hebrews encourages us in Heb 10:35 and 36: **CAST NOT AWAY THEREFORE YOUR CONFIDENCE, WHICH HATH GREAT RECOMPENSE OF REWARD, FOR YE HAVE NEED OF PATIENCE, THAT AFTER YE HAVE DONE THE WILL OF GOD, YE MIGHT RECEIVE THE PROMISE.**

It is important to remember your priorities when praying for an unsaved marriage partner who has become involved with someone else, your unconditional forgiveness for both parties is essential. You need to release your partner to the Lord and to be sure that the Lord is first in YOUR life. Do not make an idol of the estranged spouse, no matter how desperate you are for the relationship to be resolved. Put him/her on the altar, release him/her to God, serve the Lord with all your heart and He will honour your prayers and your faith in Him. Is your heart set on the gift and not the giver? If so, your motive is wrong. You need to have your eyes upon the Lord Jesus Christ and develop a personal relationship with Him through prayer and His Word. Then as you seek first the Kingdom of God and His righteousness, all the things you need and desire according to His will, will be added unto you (Matthew 6:33). You need to have a living relationship with the Lord on a daily bases in order to succeed. When you know Him and serve Him, He will be your anchor. There are many women who have made idols of their husbands, just as some men have done of their wives. When put to the test, they actually place their partner ABOVE the Lord and fall to pieces if they are without him/her. The truth is tough, but unless you are prepared to put your husband/wife ON THE ALTAR, and let go, you actually bind that person in the spirit and the Lord cannot bring a change in his/her life. When you release your marriage partner, by an act of your will, and no longer see him/her as your "property", only then can the Lord make him/her HIS property. It is in the interest of your marriage to release your partner to the Lord. Do it now by an act of faith. You may feel that at present you can no longer trust your partner, - but you most certainly can **trust the Lord with your partner.** The Lord can, and will change the hearts of people and circumstances as you **trust Him and His Word.** □

(Vervolg vanaf Bl. 5— Ons God van wonderwerke)

bouers soms gehelp en hulle het my betaal maar soms het hulle belowe om my te betaal maar nooit betaal nie. Ek het toilet putte gegrawe en soms het ek 'n erf skoongemaak vir kos. Dit was baie moeilik. Ek het soms bed toe gegaan sonder kos. Ek het 'n vriendin gehad wat my by die werk besoek het, toe het ons verskille gehad en haar suster het ingemeng. Sy het gesê dat ek in 'n vullisdrom gevind is en dat ek die seun van 'n teef was, en dat ek verlaat is omdat sy 'n prostituut was en ek was baie kwaad oor haar houding. Toe het ek haar twee keer gesteek en is gearresteer vir poging tot moord.

Met my verhoor in 2007 het ek Jesus gevind. Ek het Jesus Christus as my Persoonlike Saligmaker ontvang. In die hof het ek skuldig gepleit en is tot 15 jaar tronkstraf gevonnis. Ek het gevind dat dit 'n geseënde vonnis was, omdat dit my die lig van Jesus Christus laat sien het. Ek kry elke dag 'n ete en selfs al kry ek nie besoekers nie, pla dit my nie, want ek is met God. Ek het iemand nodig om vir my na ses jaar van my vonnis te teken sodat ek huis toe kan gaan, ek weet dat God iemand sal voorsien.

Ek beskou u as my vader en moeder in Christus en God is ons almal se Vader. Ek het u hulp en leiding nodig totdat ek uit die tronk kom. Ek is besig met graad 10 en wil my graad 12 klaarmaak en nog kursusse deur UNISA doen om 'n graad of diploma te verwerf.

Bid asseblief vir my, ek het u volle ondersteuning nodig en as my familie in Christus glo ek dat ek nie verlore is nie. Ek dank u ook vir die pen wat u vir my gekoop het en elke brief wat ek van u ontvang is soos 'n besoek aan my. Ek waardeer werklik u nuusbriewe. Ek doen ook maatskaplike programme, lewens leierskap bekwaamhede, woede beheer, HIV en VIGS bewustheid, enterpreneurskap bestuur, hernuwing van die denke, kinder en seksuele mishandeling en dwelm en substansie mishandeling.

Dit was die eerste keer sedert my geboorte dat ek hierheen gekom het. Ek het u hulp nodig aangaande hoe ek moet leef, veral om vir Christus in 'n tronk te leef, want dit is so swaar hier binne sonder dat iemand my besoek of leiding gee.

U dienswillige



uit **Dr James** se kantoor

Een van die Skrifgeleerdes het vir Jesus gevra **"wat is die grootste gebod van almal** ?" en Jesus het hom geantwoord.....(Mark. 12: 28-31). Die maand se nuusbrief bestaan uit twee artikels wat betrekking het op die antwoord wat Jesus aan die Skrifgeleerde gegee het, want, volgens Jesus bly verhoudings die Here se eerste prioriteit. Ek het altyd gesê om jou naaste soos jouself lief te hê, beteken eintlik om nie iets aan enigiemand te doen wat jy nie aan jouself gedoen wil hê nie, en die gevolg is dat as ons die Here met ons hele liggaam, siel en krag lief het ons begeerte sal wees om Hom in alles wat ons doen en sê te behaag.

Ons ontvang daagliks baie, baie briewe en telefoon oproepe by die Sentrum van mense met desperate behoeftes en gebroke huwelike en aanvalle op huwelike is prominent tussen die gebedsversoeke! Satan sal altyd probeer om 'n huwelik op te breek deur elke moontlike manier tot sy beskikking en dit is omdat, volgens die skrif die huwelik van 'n man en 'n vrou 'n verbond is wat met God gemaak is en 'n belofte wat aan mekaar gemaak is en dui simbolies op die Here Jesus Christus (Bruidegom) en die Kerk (Sy Bruid). Efesiërs 5: 22-29 (misterie van Christus en Sy Kerk). Hierdie feit is die rede vir Satan se aanhoudende pogings om wrywing tussen 'n man en vrou te veroorsaak met die doel van algehele vernietiging (soos met Adam en Eva wat die eerste sonde was), en daarom moet ons, ons huwelik met al ons krag bewaak. Wanneer ons bewus is van Satan se einddoel kan ons, " so versigtig soos slange en so opreg soos duiwe" wees (Matt. 10:16) deur hom nie toegang in jou huwelik te gee nie, maak nie saak wat die provokasie mag wees nie, want dit is ons tweede belangrikste verhouding na ons verhouding met ons Here Jesus Christus. (Lees ons boek Die Krag Van Vergifnis).

Hou dit in gedagte, dieselfde geld vir ons omgang in die lewens van andere. Jesus het goed geweet dat die harte van baie gebreek sou word en dit is waarom Hy in Luk. 4:14 verklaar het dat Hy gestuur is om " die verbryseldis van hart te genees ". Ons voorblad artikel handel met die innerlike genesing van hulle wie se lewens beskadig is deur slegte verhoudings en moeilikhede. Laat ons strewe om waar moontlik lewe en nie dood in situasies te bring en om vredemakers te wees van wie Jesus in Matt. 5:9 gespreek het. Jesus het gesê dat hulle geseën sou word en seuns van die Here genoem sou word. Dit is so maklik om te praat voordat ons dink van hoe ons woorde andere sal affekteer, en wanneer die woorde gespreek is is dit onmoontlik om hulle terug te trek. Harde woorde en dade kan verwoestende gevolge in andere se lewens hê en die Woord sê vir ons dat ons verantwoordelik is vir elke ydel woord wat deur ons gespreek is en verseker ook vir elke harde en skadelike daad wat ons 'n ander aangedoen het. Laat ons dus bely, om vergifnis vra en aanbeweeg deur elke "bose" met die "goeie" te oorwin, om selfs genade te bewys aan die wat ons haat en ons nydig misbruik, omdat dit die natuur van ons genadige en liefdevolle Here is wat geduldig en goed met elkeen van ons is. Soos ons 'n seën vir almal word, beginnende by ons Here dan ons gade, familielede, vriende en selfs vyande sal ons die seëninge en belonings oes wat Jesus aan ons in Sy Woord beloof het.

Lente is in aantog en Lente bring die begin van 'n ander kringloop. Dit is 'n seisoen wat hoop en nuwe begin reflekteer, laat ons daarom opnuut ons verhouding met die Here en andere benader, in ons harte besluit om nie net die Here met ons hele liggaam, siel en krag lief te hê nie, om ons huwelik te lei en ons huweliksmaat soos nooit te vore lief te hê nie, maar om ook ons naaste lief te hê soos ons onsself lief het.

Ons wil elkeen van julle bedank vir jul liefde en ondersteuning deur gebed en finansies wat ons in staat stel om aan te hou uitreik na die verlorenes in tronke, op die grootpaaie en sypaaie met die wonderlike en kragtige boodskap van die Evangelie van ons Here Jesus Christus.

Wees verseker van ons waardering, ons liefde en gebede.

Dr James

Spesiale woord van dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word. Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.

GELOOF IN DIE WOORD / FAITH IN THE WORD

Daar is geen kopiereg op enige van ons kassette en visuele materiaal nie en daarom wil ons u aanmoedig om kopieë daarvan te maak en te versprei so dat die Woord van ons Hemelse Vader uitgedra kan word. Ons vra egter dat dit nie gedoen sal word vir finansiële gewin nie.

***

There is no copyright on any of our audio and visual material, and therefore we would like to encourage you to copy and distribute in order to spread the Word of God. We do however request that this is not done for financial gain.

(Vervolg vanaf Bl 2 - Vryheid vir die wat….)
verwerping as liefde van die Here aanvaar en (3) Die ouerbeeld is die model waarop die kind sy verhouding met Jesus bou.

In die alledaagse samelewing kom verwerping ook voor as 'n persoon daarin misluk om sekere sosiale waardes te aanvaar.

Kom dit nou by die mens se verhouding met die Here vind ons dat die mens ontvanklik is vir verwerping weens sonde, en die skuldgevoel bring self verwerping. Die gevolge van verwerping is talryk, en persone wat probleme ondervind met vertroue in ander, het oor die algemeen diep wortels in verwerping. Emosionele onvolwassenheid spruit voort uit verwerping wat weer verdere afwykings en wanverhoudings bring, veral in die huwelik. Dan is daar nog eensaamheid en vrees, die ontsettende ongeluk van self-verwerping waar 'n negatiewe selfbeeld gehandhaaf word vol kritiek oor jouself en teenoor ander mense.

VRYHEID VAN VERWERING

Begin deur hulle te vergewe wat jou verwerp het en gee al jou verwerping oor aan Jesus Christus. **Hy het klaar die prys betaal** – hy was verag en verlate deur mens en God. (Jesaja 53:3) Lees dan die Here se beloftes in Jesaja 54:4-6 en Jer. 30:17. Besef wat jou ware identiteit is in Christus Jesus

Dieselfde beeld as Jesus (2 Kor. 3:18)
Sy maaksel (Ef.2:10)
'n Nuwe Skepsel (2 Kor. 5:17)

Aanvaar jouself deur jouself die verlede te vergewe en die Here se liefde te ontvang. Onthou, **by Jesus is daar geen verwerping nie!**

GEKNEUS EN GENEES

Ons moet die Here toelaat om ons te genees van alle kneusplekke. Innerlike genesing herstel verhoudings tussen vriende, familie en mede-Christene.

Psl. 139:23 en 24: "Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes, en kyk of daar by my 'n weg is van smart en lei my op die ewige weg!"

Jes. 61:1: "…. Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart …. om vir die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraard vir as, vreugdeolie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees ….."

Die sleutel tot innerlike genesing vind ons in **Fil. 3:14 "Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus."** Vergifnis maak jou vry en die verlede en pyn wat jou daaraan gebind het. Dit skenk jou vrede en jy ondervind die teenwoordigheid en liefde van die Here.

GOD SE VOORWAARDES

Omdat daar sò baie deure in en uit jou gees of verstand is, jou sekuriteitsdiens van bewaking baie bekwaam moet wees om die vyand, **Satan, geen plek te gee nie. (Ef. 4:27).** Maar ons loof die Here dat in Hom ons die **mees bekwaamste Veiligheids-beampte** het, en as ons maar net onsself heeltemal aan Hom oorgee. Hy in staat is om ons volkome te bewaar.

Die Here sê Sy Woord verander nooit (Psl. 119:89) en Jesus, die Vleesgeworde Woord (Joh. 1:1 en 14) sê Hy is dieselfde gister, vandag en tot in ewigheid! (Heb. 13:8). Deur Jesus se wonde **het** daar vir ons genesing gekom! (1 Pet. 2:24). En dan sê Jesus in **Joh. 14:12-13: …… wie in My glo – die werke wat Ek doen, sal hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit …."**

Onthou Jesus weet alles van jou af, en nogtans het Hy jou lief.

Hy wil vir jou die ewige lewe skenk. Hy wil jou vrymaak van alles wat jou nog gebonde hou. Hy wil jou liggaam genees. Hy wil al jou kneusplekke wegneem, pynlike emosionele wonde en herinneringe uit die weg ruim. Aanvaar Sy groot liefde vir jou. ☐